

31 Julie

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1
Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:5,10**

Wederkoms en lyding

Paulus verbind die begrippe *koninkryk van God* én *wederkoms van Christus* én *lyding* van gelowiges op 'n besondere wyse met mekaar.

Waar in die Bybel oor die koninkryk van God gepraat word, moet ons meestal aan die uitdrukking 'n aktiewe betekenis gee. Dit verwys allereers na die regeerdaad van die Here. As ons bid vir die koms van sy koninkryk, vra ons eintlik dat Hy ons deur sy Woord en Gees moet regeer. Die koms van die koninkryk geskied op 'n unieke wyse: dit neem 'n aanvang met die geboorte van Jesus en word met sy wederkoms voltooi.

Tussen die koms en die wederkoms sal daar vir gelowige mense talle dae van vreugde en vrede wees, maar ongelukkig ook van verdrukking en vervolging. Paulus sê dat God sy heiliges vir sy koninkryk geskik ag, hoewel hulle daarvoor onder onheilige magte en mense sal ly.

Die Satan sal hom só met brute en brutale waansin teen die heerskappy van God en die gesag van sy Woord verset dat selfs die brose kerk van die Here die smaad en die haat nie sal ontkom nie.

Tog mag verdrukking en vervolging 'n Christen se geloof nooit ondermyn nie. Hy kan gedienstig en geduldig wag vir Christus om op God se tyd te kom. Hy sal immers daarby teenwoordig wees vanweë die genade wat hy sonder eie verdienste ontvang.

Nóú mag hy God verheerlik én bid dat die Here hom waardig maak vir die lewe waartoe hy geroep is.

Sing: Psalm 68:1,2

Ds N Vorster (Emeritus)